**Huiswerkvel 17 (Hoofstuk 9)**

**GELUK IN GELD?**

Ons hoor dikwels van mense wat skatryk is, of wat baie geld gewen het of elke dag baie geld verdien. En dan dink ons: Sjoe! Maar hulle is gelukkig! Hoe is dit moontlik om nie gelukkig te wees as jy baie geld het nie? Ja, geld kan jou soveel dinge gee wat jou hart begeer, maar nie alles nie ...
Kan geld help dat jou verlore liefde jou weer liefhet?
Kan geld ’n geliefde wat aan ’n ongeneeslike siekte ly, weer gesond maak?
Kan geld ware vriende koop?
Nee, geld kan nie; inteendeel, geld kan ook baie hartseer in jou lewe bring. Jou "vriende" is dalk net jou vriende omdat hulle voordeel kan trek uit jou baie geld. Jy kan so hard werk om baie geld te maak, dat jy die mense vir wie jy lief is, kan verloor. Jy kan so verslaaf raak daaraan om baie geld te wil hê, dat jy perspektief kan verloor oor wat werklik belangrik is in die lewe.
Maar geld is ook nie net sleg nie. As jy geld gebruik om goeie dade te doen, kan jy baie beloning daaruit ontvang. Wanneer jou hart warm klop as jy kospakkies by armes aflaai, of die dankbaarheid sien wanneer jy iemand in nood kan bystaan, dan kan jy die genot van rykdom op ’n heel ander manier ervaar. Dan kan jy gelukkig en ryk wees, want jy deel jou rykdom en maak ’n positiewe verskil in ander se lewens.

1. Skryf sinonieme neer vir die volgende woorde wat in die teks voorkom:
1.1 ware (1)
1.2 werklik (1)
1.3 ontvang (1)

2. Skryf antonieme neer vir die volgende woorde wat in die teks voorkom:
2.1 gewen (1)
2.2 gelukkig (1)
2.3 vriende (1)
2.4 baie (1)
2.5 rykdom (1)

3. Verduidelik die betekenis van die volgende uitdrukkings:
3.1 voordeel trek uit (1)
3.2 iemand in nood (1)
3.3 jou hart warm klop (1)

4. Gee die teenoorgestelde intensiewe vorm vir *skatryk*. (1)

5. Skryf die trappe van vergelyking vir *baie* neer. (1)

6. Skryf die verkleiningsvorm van *beloning*. (1)

7. Skryf die meervoudsvorm van *genot*. (1)
(15)

Hierdie bladsy mag gekopieer word.